

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 36 NO 2 • MARCH / APRIL 2022

**LIMPOPO-KULTIVARPROEF
ONDER BESPROEIING
OP DENDRON IN 2021**

**Kultivarprestasie op
varsproduktemarkte**

**DIE AARTAPPELBLAARMYNER:
BEHEEROPSIES
TEEN DIE PAPIES**

**A diversified approach
for greater liquidity**

**#PassThePotato:
Giving back is good business**

Motte maak amok: Deel 2

Deur dr Fienie Niederwieser, Aartappels SA

Aartappels Suid-Afrika (ASA) het in 2021 begin met 'n reeks werksinkels oor die beheer van aartappelmot. Die eerste drie werksinkels het in Limpopo plaasgevind en terugvoer is in *CHIPS* se Julie/Augustus 2021-uitgawe gepubliseer.

Nog vier werksinkels is in 2021 in die Oos-Vrystaat, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat en Sandveld gehou. In hierdie artikel word nog 'n paar relevante gedagtes van persone wat die werksinkels bygewoon het weergegee. Onder hulle is prof Hannalene du Plessis van Noordwes-Universiteit en dr Diedrich Visser van die Landbounavorsingsraad se LNR – Groente, Industriële en Medisinale Plante. Dit is opwindend om te sien hoeveel insig die eerste resultate van monitoring met feromoonlokkalke aan die lig gebring het.

“Kan aartappelmot met biologiese middels beheer word?”

Daar is biologiese middels geregistreer vir die gebruik om aartappelmot en *Tuta absoluta* te beheer en daar is 'n plek vir hulle. Hulle kan egter nie saam met enige chemiese produkte gebruik word nie.



Persone van verskillende streke, en wat verskillende produksiepraktyke toepas, het bymekaargekom om hulle kennis oor aartappelmot te verfris en nuwe insigte te kry oor die bestuur van die insek. Hier is 'n groep in WesGrow se raadsaal bymekaar.



Al hierdie motte is in een week in 'n delta-val met feromoon gevang langs 'n land wat die vorige seisoen geoes is en waar opslag voorgekom het. Op hierdie stadium het die streek nog nie begin om aartappels te plant nie. Dit was dus duidelik dat die boer nie eers 'n paar weke na opkoms kon begin met 'n spuitprogram in 'n nuwe land nie, aangesien die motpopulasie baie vinnig sou opbou.

“Hulle is maar hier, sonder dat ons daarvan weet.”

Covid 19 het ons geleer dat dinge op 'n afstand gedoen kan word.



Aartappelboere van die Sandveld kon op kort kennisgewing hul kennis verfris deur te luister na die opnames wat deur dr Diederich Visser gemaak is oor aartappelmot en *Tuta absoluta*. Elke bywoner het 'n geheuestokkie ontvang met al die opnames, en nog baie ander inligting, sodat elkeen op sy tyd hersiening kon doen, en dit met kollegas kon deel.

“Ontwerp 'n spuitprogram wat gebaseer is op die IRAC-groep waaraan insekdoders behoort, om weerstand te vermy.”

'n Middel van 'n spesifieke groep moet vir die duur van 'n lewensiklus aangewend word, en dan vir 60 dae nie weer gebruik word nie. Die IRAC-groep van elke produk word op die etiket aangedui.

A suspension concentrate stomach and contact insecticide for the control of various insect pests as listed.

'n Suspensie-konsentraat maag- en kontakinsekdoder vir die beheer van verskeie insekplae soos gelys.

IRAC INSECTICIDE GROUP CODE	22	IRAC INSEKDODER GROEPPKODE
-----------------------------	----	----------------------------

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDEEL:

indoxacarb (oxadiazine)

.....150 g/l

indoksakarb (oksadiazien)

“Feromoonvalle help 'n mens om te sien wat aangaan.”

Hieronder is 'n rekord van motgetalle van twee lande wat 300 m uitmekaar is. Motte is van die begin van die seisoen af in die ou land met opslag aangeteken, maar na slegs twee weke is groot getalle motte ook in die nuwe land aangeteken. Soos die plante gegroei het, het dit al hoe meer motte gevang. Motte van die opslagland het heel waarskynlik na die nuwe land gevlieg vanaf die opslagland.

Datum	DW3.1 (opslagland)	N1.2 nuwe aartappelland (300 m weg van opslagland)
11/10/2021 (een week)	68	5
25/10/2021 (drie weke)	202	79
08/11/2021 (vyf weke)	396	155
21/11/2021 (sewe weke)	160	220
05/12/2021 (nege weke)	498	482

Knolle wat in die winter in grond geberg word, is 'n sagte teiken vir aartappelmot.

Aartappelmot oorwinter nie. Die duur van die lewensiklus is net heelwat langer in die winter as in die somer. Monitering op Roodeplaat het gewys dat motte regdeur die winter gevang word, ten spyte van die feit dat minimumtemperatuur dikwels onder vriespunt daal. Indien knolle geberg word in grond, moet die boer seker maak dat hulle nie bereikbaar is vir die larwes wat in die winter uitbroei nie.

Deltavalle met feromoonlokaas is 'n veilige, eenvoudige en goedkoop manier om motgetalle te monitor.

Feromoon is baie spesifiek vir 'n bepaalde spesie. Dit is dus ook 'n manier om vas te stel of *Tuta absoluta* in 'n streek voorkom en of dit in groot getalle voorkom.

Feromoonkapsule

Vervangbare taai strook waaraan motte vassit.



“Hoe ver vlieg motte?”

Hierdie aspek van aartappelmot is nog nie in Suid-Afrika bestudeer nie, maar uit die VSA word berig dat motte sowat 240 m ver kan vlieg. Dit is moontlik dat hulle nog verder kan vlieg as 'n mens die resultate in die gedeelte '*Feromoonvalle help mens sien wat aangaan*', in aanmerking neem.

Motvlugte sal deur wind beïnvloed word, maar hulle word nie in hoë-lugstrome opgeneem om oor lang afstande te migreer nie. Aartappelmot en *Tuta absoluta* word oor lang afstande in knolle en saailinge (*tuta*) versprei. 📍

Vir meer inligting, kontak dr Fienie Niederwieser by fienie@potatoes.co.za of 083 634 4848.